# Volks Konsilie – Vryburg 2025

**TEMA: JES 43:20B –**

**Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om My volk, My uitverkorene, te laat drink**

https://youtu.be/ZV-H94uOZck?si=K8UmnyrstRfVniVJ

Goeie middag almal. Die referaat wat ek vandag kom voorlê kom uit Psalm 87. Ek lees graag vir julle die Psalm.

**Referaat: Psalm 87 –**

1) VAN die kinders van Korag. N Psalm. N Lied. Sy grondvesting is op heilige berge.

2) Yahweh het die poorte van Sion lief bo al die wonings van Jakob

3) Heerlike dinge word van u gesê, o stad van God! Sela

4) Ek wil Rahab en Babel vermeld onder hulle wat My ken; kyk, Filistea en Tirus saam met Kus – hierdie een is daar gebore.

5) En van Sion sal gesê word: Man vir man is daarin gebore, en Hy, die Allerhoogste, hou dit in stand.

6) Yahweh sal tel as Hy die volke opskrywe: Hierdie een is daar gebore. Sela

7) En die wat sing sowel as die wat vrolik is, sê: Al my fonteine is in jou!

Die Psalm handel hoofsaaklik oor Sion. Wat of wie is Sion?

**Wat of Wie is Sion?**

Psalm 87:2-3 sê, “Yahweh het vir Sion lief meer as enige ander plek in Jakob/Israel. Daar word groot dinge van jou gesê, stad van God.” Dit kom op meer as 100 plekke in die Bybel voor dat die woord “Sion” hoofsaaklik “vesting” beteken. In die Bybel is Sion beide die stad van Dawid en die stad van God. Soos die Bybel voortgaan, verander die verwysing na die woord “Sion” hoofsaaklik van ‘n fisiese stad na ‘n meer geestelike betekenis.

Die eerste keer waar ons van “Sion” lees, is in **2 Sam 5:6**

6) “*Toe die koning (Dawid) met sy manne na Jerusalem wegtrek teen die Jebusiete, die bewoners van die land, het hulle met Dawid gespreek en gesê: Jy sal hier nie inkom nie, maar die blindes en lammes sal jou verdrywe – dit wil sê: Dawid sal hier nie inkom nie. 7) Maar Dawid het die bergvesting Sion ingeneem; dit is die stad van Dawid*.”

Sion was die oorspronklike naam van die antieke Jebusiete se vesting in die stad Jerusalem. Sion het nie net vir die vesting se naam gestaan nie, maar ook vir die stad, waarin die vesting was. Nadat Dawid die “Sionsvesting” ingeneem het, is Sion die “Dawidstad” genoem.

Toe Salomo die tempel in Jerusalem gebou het, is die naam “Sion” uitgebrei in betekenis om die tempel en omliggende area in te sluit. Aanvanklik was Sion gebruik as naam vir die stad Jerusalem.

Sion word ook figuurlik as volk van God gebruik (Jes 60:14). Die geestelike betekenis van Sion word in die Nuwe Testament voortgesit, waar dit die betekenis kry van God se geestelike Koninkryk, die hemelse Jerusalem (Heb 12:22; Open 14:1). Petrus verwys na die Messiah as die “Hoekklip” van Sion in 1 Petrus 2:6

“*Kyk, Ek lê in Sion ‘n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie*”

**<u>Waterstrome in Sion</u>**

Sion se betekenis in die Skrif verander volgens tydvlakke. Soos ek genoem het, Eerste was die betekenis daarvan die fisiese stad in die tydperk van Dawid, daarna is dit uitgebrei deur Salomo, en deur die profete en die Nuwe Testament verkry dit ‘n geestelike betekenis. As daar van Sion gepraat word, moet ‘n mens let op die verskillende tydvlakke. Die konteks van Sion en die tydvlak daaraan gekoppel, vir die doeleindes van hierdie referaat, moet ons inperk deur middel van die vergadering se tema. Die vergadering se tema is Jesaja 43:20B, naamlik:

“*Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om My volk, My uitverkorene, te laat drink*”.

Psalm 87 vers 2 maak ‘n stelling, naamlik: “*Yahweh het die poorte van Sion lief bo al die wonings van Jakob/Israel*”. Dan gee vers 7 vir ons ‘n verduideliking van hierdie stelling: “*En die wat sing sowel as die wat vrolik is, sê: Al my fonteine is in jou!”* Daarom het die Vader die poorte van Sion meer lief as al die wonings van Israel, omdat al Sy fonteine daarin is.

**<u>Profesieë oor Sion</u>**

Ek lees graag die volgende gedeelte uit Jesaja 40 uit, vanaf verse 1 - 4

*"TROOS, troos my volk, sê julle God. 2) Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van Yahweh dubbel ontvang het vir al haar sondes. 3) 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van Yahweh, maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God! (Hier lees ons weer van die Woestyn, waarin ons tema gekoppel is.)*

*4) Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word."*

In Jeremia 31: 1-12 lees ons die volgende:

*"1) In die tyd, spreek Yahweh, sal Ek vir al die geslagte van Israel God wees, en hulle sal vir My volk wees. So sê Yahweh: Die volk van diegene wat van die swaard vrygeraak het, het genade gevind in die woestyn, op weg om sy rus te geniet, naamlik Israel. 3) Yahweh het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedentierenheid. 4) Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! Jy sal jou weer versier met jou tamboeryne en uittrek in die koordans van die spelers. 5) Jy sal weer wingerde plant op die berge van Samaria; die planters sal plant en die vrugte geniet. 6) Want die dag is daar dat die oppassers op die berge van Efraim roep: Maak julle klaar en laat ons optrek na Sion, na Yahweh onse God. 7) Want so sê Yahweh: Jubel oor Jakob van vreugde, en juig oor die hoof van die nasies; laat dit hoor, sing lof en sê: o Yahweh, verlos u volk, die oorblyfsel van Israel! 8) Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde; blindes en lammes, swangeres en barendes onder hulle, almal saam; in 'n groot vergadering sal hulle terugkom hiernatoe. 9) Hulle sal kom met geween, en met smekinge sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel 'n Vader, en Efraim is my eersgeborene. 10) Hoor die woord van Yahweh, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde. 11) Want Yahweh het Jakob losgekoop en hom verlos uit die hand wat sterker was as hy. 12) En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van Yahweh, aan die koring en die mos en die olie en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos 'n welbesproeide tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie.*

Uit hierdie bogenoemde gedeeltes van Jesaja en Jeremia is daar baie informasie om uit te haal.

Jesaja praat van '*n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van Yahweh, maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God.*

Jeremia sê *In die tyd, spreek Yahweh, sal Ek vir al die geslagte van Israel God wees, en hulle sal vir My volk wees. So sê Yahweh: Die volk van diegene wat van die swaard vrygeraak het, het genade gevind in die woestyn, op weg om sy rus te geniet, naamlik Israel.*

Vers 9 van Jeremia 31 lees ons: *Hulle sal kom met geween, en met smekinge sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel 'n Vader, en Efraim is my eersgeborene.*

Dan lees ons verder in Vers 12" *En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van Yahweh, aan die koring en die mos en die olie en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos 'n welbesproeide tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie.*

Soos reeds genoem, het die woord Sion verskeie betekenisse en verskeie tydvlakke. As ons dit nie inperk met die tema nie, sal ons heeldag hieroor kan praat. Hierom wil ek graag die belangrikke tydperke uitlig. Die eerste tydvlak bestaan uit die Gereedmaak van Sion en die tweede tydvlak die Huwelik van Sion.

Voordat ek die twee tydvlakke uitlig, wil ek eers oor die fonteine praat, waarvan ons lees in Psalm 87:7 – "al my fonteine is in jou!"

**<u>Water</u>**

Ons weet dat die tema van die vergadering gaan oor die Vader wat sy uitverkorens in die woestyn van water wil voorsien om te drink. Psalm 87 maak ook dan melding van die fonteine wat in Sion is. Jeremia sê die Vader sal Israel bring by waterstrome en hulle sal na die hoogte van Sion kom na die seëninge van Yahweh en hulle siel sal wees soos 'n welbesproeide tuin.

Die vraag is wat beteken hierdie water?

Johannes 4: 7 – 14

"*7) Daar kom 'n vrou uit Samaria om water te skep. Yahshua sê vir haar: Gee vir My water om te drink – 8) want Sy dissipels het na die stad gegaan om voedsel te koop. 9) En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: Hoe is dit dat U wat 'n Judieër is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is? Want die Judieërs hou geen gemeenskap met die Samaritane nie. 10) Yahshua antwoord en sê vir haar: As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het. 11) Die vrou sê vir Hom: Meester, U het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep; waarvandaan kry U dan die lewende water? 12) U is tog nie groter as ons vader Jakob nie, wat die put aan ons gegee het en self daaruit gedrink het, en sy seuns en sy vee? 13) Yahshua antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; 14) Maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit weer dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe*."

Johannes 7: 37-39

(37) "*En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Yahshua gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! 38) Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.*

Ek glo ons almal verstaan wat die betekenis van water is in hierdie konteks. Water in die woestyn is redding. Water is Seëninge, Gees, Ewige Lewe, Kennis van die Allerhoogste en Vrede. Water dien ook as n reinigingsmiddel

**<u>Gereedmaak van Sion – Eerste Tydvlak</u>**

Ons lees van Berei – maak gereed.

*'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van Yahweh, maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!*

Hierdie gedeelte van Jesaja het al reeds plaasgevind, tydens die Messiah se tyd hier op Aarde.

Lukas 3: 1-6

" *2) Tydens die hoëpriesterskap van Annas en Kajafas, het die woord van God gekom tot Johannes, die seun van Sagaria, in die woestyn. 3) En hy het gekom in die hele omtrek van die Jordaan en die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig; 4) soos geskrywe is in die boek van die woorde van Jesaja, die profeet, waar hy sê: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van Yahweh, maak sy paaie reguit. 5) Elke dal moet opgevul word en elke berg en heuwel wegsak; en die krom draaie sal 'n reguit pad word en die skurwe plekke gelyk weë. En all vlees sal die heil van God sien.* "

Lukas sê dat die profisieë van Jesaja met betrekking tot die voorbereiding van die woestyn het plaasgevind met Johannes die Doper. Hy het die woestyn voorberei.

Ek wil vinnig konteks gee aan Johannes die Doper se doel met betrekking tot die voorbereiding van die Woestyn.

Ek lees vir julle uit Hosea 2

*"(1) Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg. (2) Anders sal Ek haar naak uittrek en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar maak soos 'n woestyn, ja, haar stel soos 'n dors land en haar van haar dors laat sterwe. (3) En Ek sal My oor haar kinders nie ontferm nie, want hulle is kinders uit hoerery gebore. (4) Want hulle moeder het in ontug gelewe, sy wat met hulle swanger was, het skandelike dinge gedoen; want sy het gesê: Ek wil my minnaars agternaloop wat my brood en my water, my wol en my vlas, my olie en my drank gee. (5) Daarom, kyk, Ek sal jou weg met dorings toemaak en om haar 'n muur bou, sodat sy haar paaie nie sal vind nie. (6) En sy sal haar minnaars agternaloop, maar hulle nie inhaal nie; en sy sal hulle soek, maar nie vind nie. Dan sal sy sê: Ek wil heengaan en terugkeer na my vorige man, want toe het ek dit beter gehad as nou. (7) Ja, sy het nie erken dat Ek aan haar die koring*

*en die mos en die olie gegee het nie, ook silwer vir haar vermenigvuldig het en goud, wat hulle vir Baal gebruik het (8) Daarom sal Ek my koring terugneem in die oestyd en my mos op die bepaalde tyd, en wegneem my wol en my vlas wat dien om haar naaktheid te bedek. (9) Ek sal dan nou haar skaamte onbloot voor die oë van haar minnaars, en niemand sal haar uit my hand red nie*."

Die Vader het die volk die skeibrief gegee, omrede hulle afgedwaal het van die weë van die Vader en Sy gebooie en Sy insettinge nie behou en bewaar het nie. Die Vader het die vrou (wat die volk en Sion is) gemaak soos n woestyn, en haar gestel soos 'n dors land en haar van haar dors laat sterwe.

"(*13) Daarom, kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek. (14) Dan sal Ek haar daarvandaan haar wingerde gee en die dal Agor toe 'n deur van hoop, en daar sal sy antwoord gee soos in die dae van haar jeug en soos die dag toe sy uit Egiteland opgetrek het."*

In Egipte land het die volk gewoon onder vreemdelinge as slawe. Hulle was onder 'n multi-kulturele en multi-godsdienstige bestel. Hulle was besmet. Die Vader het die volk uitgelei na die beloofde land. Die volk het die gebooie ontvang in die Woestyn, en deur hierdie het daar 'n reinigingsproses plaasgevind, om sodoende die huwelik te kon intree met Die Vader. Soos genoem het die volk (wat Sion is) daarna afkerig geword en is hulle die skeibrief gegee en verstrooi onder die nasies.

Die tema van hierdie vergadering handel oor die Vader wat wat vir Sion wil water gee in die Woestyn en in die Wildernis. Die gebeure in die Skrif herhaal homself, Johannes die Doper moes die Woestyn voorberei met die koms van die Messiah, asook die Verlowing van Sion met die Messiah.

Hosea 2: 18 -19

*"(18) En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. (19) En EK sal My met jou verloof in trou; dan sal jy Yahweh ken*"

Die Verlowing het reeds plaasgevind tussen Sion en Die Messiah. Sion moet nou voorbereiding maak vir die huwelik met die Messiah, sodat soos Psalm 87 sê al Sy fonteine in Sion is.

Wat behels hierdie voorbereiding – Dit is die afsondering van die bruid (Sion) voor die bruilof. Die bekeering van ons sondes. Die vlug uit Babilon uit, sodat Sion opnuut en met n skoon gewaad voor die Bruidegom kan staan om in die Huwelik in te gaan. Dit is 'n reinigingsproses wat moet plaasvind, soos in Egipte en soos in die tyd van Johannes die Doper. Die Vader is Heilig, daarom moet ons ook Heilig wees.

Wat belangrik is met betrekking tot hierdie afsondering en reiniging. Openbaring sê die Woestyn is n plek wat deur God voorberei word. Openbaring 12:6 – *" En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is"*

Ons tema sê die Allerhoogste sal ons voorsien van water in die Woestyn. Die Vader sal beskik. Hy sal ons trek met goedertierenheid soos Jeremia sê, sodat al sy fonteine in Sion is.

**Huwelik van Sion: Die tweede Tydvlak**

Met betrekking tot die huwelik, wil ek net kortliks 'n paar gedeeltes aanhaal. Soos genoem, wil ek hierdie referaat inperk tot die tema van die vergadering.

Jeremia sê *In die tyd, spreek Yahweh, sal Ek vir al die geslagte van Israel God wees, en hulle sal vir My volk wees. So sê Yahweh: Die volk van diegene wat van die swaard vrygeraak het, het genade gevind in die woestyn, op weg om sy rus te geniet, naamlik Israel.*

Ons is nog nie in rus nie. Ek glo ons almal is in ooreenstemming met hierdie stelling. Nadat ons afgesonder en heilig gemaak en gereinig is in die Woestyn, genade daarso gevind het en van water voorsien is, gaan ons in rus in. Dit is die huwelik waarin Sion gaan intree met die Messiah.

Openbaring 21: 1-6

"1) *En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. 2) En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien needaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. 3) En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as God.*

Psalm 132:13 sê:

"*13) Want Yahweh het Sion uitgekies, Hy sal dit as woonplek vir Hom begeer en gesê: 14) Dit is my rusplek vir ewig, hier wil Ek woon, want Ek het dit begeer."*

Ek lees verder uit Openbaring 21

*4) En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verby gegaan. 5) En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. 6) En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe."*

In vers 3 van Openbaring 21 vergelyk Johannes die nuwe Jerusalem wat uit die hemele neerdaal met 'n bruid wat toeberei is soos n bruid wat vir haar man versier is. Ek dink dit is baie interesant dat Johannes die nuwe stad Jerusalem vergelyk met 'n bruid. Die antwoord van hierdie vergelyking kom egter voor in vers 9 van dieselfde hoofstuk.

*“9) En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. 10) En hy het my in die gees weggevoer op ‘n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal.”*

Die Lam kan nie in die huwelik in tree met n fisiese stad nie. Daarom is hierdie Jerusalem nie ‘n fisiese stad nie, maar hierdie Jerusalem is die gereinigde Sion.

Net ter opssoming:

Jerusalem is Sion en Sion is die volk wat verloof is aan die Lam, wat nou moet voorberei in die Woestyn, wat haarself moet afsonder en gereedmaak vir die koms van die Bruidegom, waarin al die Vader se fonteine is, om sodoende in die huwelik te kan intree met die Bruidegom, en sy rus te geniet.

Ons lees die volgende in Sagaria 9: 10

“*10) En Ek sal die strydwaens uit Efraim en die perde uit Jerusalem uitroei, en die strydboog sal vernietig word. Dan sal Hy aan die nasies vrede verkondig, en sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde. 11) Ook sal Ek, wat jou betref, o Sion, kragtens die bloed van jou verbond jou gevangenes loslaat uit die put sonder water.”*

Ek wil graag afsluit met Jeremia 31:12

*“En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van Yahweh, aan die koring en die mos en die olie en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos ‘n welbesproeide tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie.”*

Mag die Vader ons welgevallig wees, ons volk met goedertiernheid trek en ons siele maak soos ‘n welbesproeide tuin.

Baie dankie

**Dirk Bothma**